Gepubliseer op:

Deur Christus Alleen

Tuisblad van dr. A.H. Bogaards

www.enigstetroos.org

Lees: Mt.24:1-14, 36-44

Teks: selfde

H.K.: Sondag 19b (V/A 52)

Datum: 18 Augustus 2002

Psalms: Sk.33

1. Inleiding.

Ons leer Christus in die Skrifte ken as die **Lam** wat vir ons sondeskuld geslag is. Ons sien Hom ook as **Koning** sit aan die regterhand van God. Sondag 19, V/A 52, verkondig verder dat Hy wat ons Lam en Koning is, weer kom as **Regter** op die wolke van die hemel om gerig te oefen oor die wat nog lewe sowel as die wat alreeds gesterf het.

By vorige geleenthede het ek u aandag daarop gevestig dat daar twee lyne in die lewe van ons Heiland is: Daar was eerstens die lyn wat neerdaal tot in die hel van Godverlatenheid: Hy is verneder tot die dood van die kruis. Maar tweedens is daar ook die lyn wat opwaarts loop tot in die hoogste hemele.

Met V/A 52 is ons by die hoogtepunt van an verheerliking, want met sy wederkoms sal Hy die volle heerlikheid ontvang wat Hom toekom. Want op daardie glorieryke dag sal elke knie voor Hom buig en elke tong sal bely dat Hy die Here is. Ook van ons sal Hy dan die eer ontvang wat ons aan Hom verskuldig is, want dan sal ons diens aan Hom nie meer half wees as gevolg van ons sondige natuur nie. Immers, daar sal ons volkome vry van die sonde wees.

Maar nie alleen vir ons Here Jesus sal dit 'n heel besondere dag wees nie. Ook vir die gelowiges sal dit 'n blye oomblik, vol troos wees.

Ons oordink daarom: **die troos van ons Here Jesus Christus se wederkoms**. Drie punte vra hier ons aandag:

1. die *feit* van sy wederkoms;

2. die *tyd* van sy wederkoms; en

3. die *troos* van sy wederkoms.

2.1. Die *feit* van sy wederkoms.

DAT Jesus weerkom, is 'n feit. Die Bybel, die altyd betroubare Woord van God, verkondig dit op verskillende plekke: Die dag kom wanneer die Seun van God sal oordeel.

Reeds die OU TESTAMENT profeteer van daardie dag. Die profete byvoorbeeld is vol daarvan en wanneer hulle dit het oor die wederkoms, gebruik hulle veral die uitdrukking: *die dag van die HERE*.

Vir die profete was daardie dag **enersyds** *'n dag van gerig en straf*. Die dag van die HERE was vir hulle dié dag wanneer die HERE Hom op sy vyande sal wreek. So sê Jeremia 46:10:"Maar dié dag behoort aan die HERE Here van die leërskare, "n dag van wraak, om wraak te neem op sy teëstanders; en die swaard sal verslind en versadig en dronk word van hulle bloed..."

Na daardie dag het die Israeliete met verlange uitgesien en dit is te begrype, want dié dag sou immers vir hulle finale bevryding van al die vyande van God se kerkvolk meebring.

Tog moet die kerk weet dat daardie groot dag ook 'n dag van strafgerig oor die kerk sal wees, as hulle hulle nie bekeer nie. By herhaling wys die profete hulle daarop en waarsku hulle om hulle lewens te verander. In die dae van Amos byvoorbeeld het die kerk met groot verwagting uitgesien na die dag van die HERE, daardie dag wanneer die HERE - so het hulle in ieder geval gedink - hulle vyande so verdelg en hulle daarenteen sou verlos. Vir die in sonde verharde volk van sy dae het Amos egter 'n ontnugterende boodskap:"Wee die wat na die dag van die HERE verlang! Wat sal tog die dag van die HERE vir julle wees? Dit sal duisternis wees en geen lig nie (Amos 5:18)".

Enersyds sal die dag van die HERE dus 'n dag van verskrikking wees, ook vir die verharde, onbekeerde deel van die volk van die HERE. **Andersyds** sal dit 'n grootse dag wees vir die gelowige oorblyfsel, *'n dag van verlossing, 'n dag waarop alles nuut gemaak sal word*.

In beelde ontleen aan die gewone aardse lewe word die heerlikheid van dit wat die dag van die HERE vir die ware volk van die HERE sal bring, geteken: So sal daar

byvoorbeeld geen oorlog meer wees nie, maar "hulle sal van hulle swaarde pikke smee en van hulle spiese snoeimesse", sê Jesaja êrens. Op daardie dag sal die verlore Eden van weleer, die paradys van die begin, weer terugkeer, want, sê Jesaja:"Dan wei die wolf by die lam, en die luiperd gaan lê by die bokkie, en die kalf en die jong leeu en die vetgemaakte vee bymekaar, en 'n klein seuntjie sal hulle aanja. Die koei en die berin wei, en hulle keintjies lê bymekaar; en die leeu eet strooi soos die os; en die suigeling speel by die gat van 'n adder, en die gespeende kind steek sy hand uit na die gat van 'n basilisk(11:6-8). Die toneel wat hier voor oë geroep word, is dié van 'n salige harmonie en die aller heerlikste vrede denkbaar.

Ook die NUWE TESTAMENT is vol van die dag van die wederkoms. Jesus het dit self aangekondig in Mt.24:27 waar Hy vir sy dissipels sê:"Want soos die weerlig uit die ooste uitslaan en tot in die weste skyn, so sal ook die koms van die Seun van die mens wees". En toe Hy deur Kajafas verhoor is, het Hy weer daarvan getuig, toe Hy vir Kajafas gesê het:"Van nou af sal u die Seun van die mens sien sit aan die regterhand van die krag van God en kom op die wolke van die hemel (Mt.26:46)".

Wanneer die Nuwe Testament van die wederkoms praat, word veral die woord *"parousie"* gebruik. Ons vertaal dit met koms of aankoms. In die Griekse wêreld van destyds is die koms van 'n vors, wat 'n amptelike besoek gebring het aan 'n bepaalde gebied, 'n parousie genoem. Dit was 'n heel, heel besondere dag vir die volk van daardie gebied. Nie alleen was dit 'n groot eer nie, maar dit het ook gepaard gegaan met die skenking van allerlei voorregte aan die mense van daardie stad of plek wat deur die keiser besoek is. Die dag van sy koms is ook gevier met groot feestelikhede. Met verlange is daarna uitgesien, want met die besoek van die vors het 'n nuwe tydperk aangebreek. Maar die koning het nie net gekom om te seën nie. Hy het ook kom regspreek teen die wat teen hom in opstand was. Vir sekere mense was dit dus nie so 'n heerlike dag nie nie.

Hier het ons 'n beeld van wat gaan gebeur, as ons Koning kom. Ons verwag sy verskyning in heerlikheid en dit sal vir sy volk besonder seënryk was. Daarmee sal 'n nuwe tydperk van ongekende glorie vir ons ingelui word. Ja, dan kom die nuwe aarde en die nuwe hemel. Die paradys sal van God uit die hemel neerdaal. Maar net soos die aardse vors gerig geoefen het by sy besoek, so sal die dag van Jesus se wederkoms ook wees. Dan sal Hy op sy Regterstoel gaan sit om te oordeel. Dit sal dus ter selfder tyd 'n vreeslike dag wees vir die wat gedurende hulle aardse lewe in opstand teen Hom geleef het.

Maar *wanneer* kom Hy weer? Daarna kyk ons in die tweede plek:

2.2. die *tyd* van sy wederkoms.

Deur die eeue heen was daar mense wat probeer uitwerk het, sogenaamd op grond van Bybelse gegewens, wanneer dit sou wees. So het die stigter van die Jehova-getuies, Charles Russel, verkondig dat die duisendjarige vrederyk in 1914 sou kom. Toe dit nie gebeur nie, het hulle gesê dat dit wel gekom het, maar onsigbaar. So het ook Ellen G. White, die vrou wat die stigter van die Sewende Dag Adventiste was, verskillende voorspellings gemaak oor die tyd van die wederkoms.

Maar nie net die sektes dink hulle kan dit bereken nie. Ook ons probeer dit doen. Hoeveel maal het u nie miskien self gesê of ander hoor sê: Die tyd van die wederkoms kan nie meer ver wees nie, want kyk net na die vreeslike afval van ons dae, nie? En, sê ons verder, is al die rampe en die aardbewings en die oorloë nie tekens dat dit voor die deur is nie?

Maar wat sê die Bybel van al ons spekulasies? Dit trek 'n streep deur al ons berekenings, want Jesus sê vir ons:"...van dié dag en dié uur weet niemand nie, ook die engele van die hemel nie, maar net my Vader alleen (Mt.24:36) Sy koms sal onverwags wees, net soos 'n dief in die nag (1 Thess.5:2) en ons weet: 'n Dief kondig nie die tyd van sy koms aan nie, maar geheel en al onverwags, wanneer niemand dit verwag nie en wanneer niemand daarop berekend is nie, slaan hy toe. So sal dit ook gaan met die koms van die Seun van die mens.

Maar wat dan van die sogenaamde "tekens van die tye" waarvan die Bybel praat? Mt.24 en Mk.13 en Lk.24 noem tog: oorloë en gerugte van oorloë, hongersnode, aardbewings en epidemies, verdrukking en vervolging van die kerk, opkoms en sukses van die valse profesie, toename in die veragting van die Woord, verkoeling van die liefde en tenslotte die verkondiging van die Evangelie aan alle volke? Sien ons nie dié dinge nou alreeds en daagliks rondom ons en oor die TV nie? En sê die Bybel dan nie baie duidelik dat dit die tekens van die eindtyd is en dat dit aankondig dat die laaste dae op hande is nie?

Inderdaad leer die Bybel ons dat dit alles tekens van die laaste dae is. Maar nou moet u baie goed begryp wat die Bybel bedoel met die *"laaste dae"*. Ek kry dikwels die gevoel dat baie mense - ook Gereformeerdes - daaronder verstaan sê die laaste week of maand voor die wederkoms. Tog is dit nie waar nie. Die laaste dae waarvan die Skrif praat, dit is

die tyd tussen die hemelvaart van ons Here Jesus en sy wederkoms. In daardie tyd sal al die genoemde tekens plaasvind.

En inderdaad, reeds in die tyd van die dissipels was daar oorloë en gerugte van oorloë. En daar was aardbewings en pessiektes. En so kan ons maar aangaan. En nie alleen in hulle tyd was die tekens in die lug nie. O nee, deur die eeue heen was die tekens daar. En tog het ons Heiland nie in die tyd van die apostels of in die eeue daarna gekom nie.

Dit is dus duidelik dat die bedoeling van die tekens van die tye nooit was dat ons daaruit afleidings sou kon maak van die presiese tydstip van die die wederkoms nie. Dié tekens wil daarom nie vir ons sê *wanneer* die Here kom nie, maar net *dat* Hy kom. Dit is bedoel om ons te herinner aan sy koms, om ons verwagting gespanne te hou. In al dié tekens hoor ons sy naderende voetstappe.

Die derde waarna ons moet kyk, is:

2.3. die *troos* van ons Here Jesus se wederkoms.

Die belydenis van Jesus se wederkoms is bedoel as troos vir mense in nood. Die gedagte daaraan is besonder bemoedigend wanneer ons gebuk gaan onder die pyn en die leed van hierdie lewe. Dit het die opstellers van die Kategismus ook so goed aangevoel. Daarom begin hulle hul verklaring van hierdie artikel met die woorde:*"In alle droefheid en vervolging"* mag ons getroos daaraan dink: Jesus kom weer.

Dink daaraan wanneer u bedroef is oor 'n ontslape dierbare. Dink daaraan wanneer u siek is, as u weet dat die dood nie meer ver is nie. Dink daaraan wanneer die kerk vervolg word en niemand na u getuienis wil luister nie. Dink daaraan wanneer die gebrokenheid van die lewe u pynig en as dit deur u hart sny om te sien hoe mense in haat en nyd lewe. Dink dan daaraan: Jesus kom weer! Hy kom weer om alles nuut te maak! Hy kom om alles heel te maak wat deur die sonde so stukkend geslaan is! Hy kom weer en dan sal ons droefheid in vrolikheid verander word!

"Met 'n opgerigte hoof" verwag ons Hom. So lui die oorspronklike weergawe van V/A 52. Dit is 'n pragtig-mooie uitdrukking, want die "met opgerigte hoof" beteken: soos oorwinnaars! En hoe kan ons anders as om Hom in 'n oorwinnaarshouding in te wag? Ons weet immers: Ons Koning in die hemel het klaar getriomfeer oor duiwel, siekte

sonde en dood. Daarom sien ons met verlange uit na daardie dag wanneer Hy sy triomf sal afrond en alles weer sal herstel soos wat dit eens in die paradys was.

Nooit mag 'n christen 'n verloorder-houding inneem nie. Daarmee bedoel ek dat 'n mens toelaat dat die ellende van die lewe jou platslaan en jy dink: alles is verby, alles is hopeloos verlore. Dit mag nie, want toe Jesus hier op aarde was, het Hy deur sy genesing van siekes, deur sy opstanding uit die dood en deur sy triomf oor die duiwel getoon dat Hy die oorwinnaar is. Daarom: Leef soos oorwinnaars, want Hy wat al klaar oorwin het, Hy kom weer en dan sal Hy u laat deel in sy heerlike oorwinning oor sonde, siekte, duiwel en dood.

Maar in die woorde "met opgerigte hoof" sit nog 'n ander gedagte opgesluit, die gedagte naamlik van: met gespanne verwagting sy koms verwag, met hunkering daarna uitsien. Verlang u na daardie dag? Dit kan ook nie anders nie: Die bruid moet tog uitsien na die koms van haar Bruidegom? In Openbaring 22 hoor ons hoe die bruidsgemeente vol sielsverlange bid: Kom Here Jesus! Ja, dit hoort ook by ons verlange: die gebed om die wederkoms. Bid u daarom? Want dit is 'n teken dat u werklik verlang.

Ja, Jesus kom! Dit is 'n heerlike gedagte, want Hy kom ons sy volk te verlos. Maar dat hy kom, is ter selfder tyd 'n vreeslike gedagte, want, sê ons Heidelbergse Kategismus, Hy kom nie net as Redder nie, maar ook as Regter.

Die gedagte maak ons bang, veral as ons aan ons sonde en ons sondige geaardheid dink. Ons sal eendag voor die regterstoel van die heilige Seun van God moet gaan staan. En dan, sê die Woord, sal Hy skeiding maak tussen die skape en die bokke.

Tog moet ons nie vrees nie, sê ons belydenis. Immers, die regter wat kom, is niemand anders as ons Here Jesus *"wat Hom tevore in my plekvoor die regbank van God gestel en alle vervloeking van my weggeneem het"*. Is dit nie 'n geweldige gedagte nie: Die Regter op die regterstoel het vroeër self eers in my plek in die beskuldigdebank gaan staan? Die Regter voor wie ek eenmaal gedaag sal word, is dieselfde een wat eenmaal op Golgota my vervloeking op Hom geneem het. Waarom sal ek dan vir Hom bang wees?

Julle wat in Hom glo, het niks omte vrees nie, wil die leermeester van Heidelberg vir ons sê, want kyk, ons Regter het nie alleen 'n gedeelte van ons straf op Hom geneem nie, maar ALLE vervloeking.

Wie moet dan wel vrees? Almal - nie net in die wêreld nie, maar ook in die kerk - wat hulle tot Hom nie wou bekeer nie. Dit is wat bedoel word met "vyande".

Die uitverkorenes daarenteen sal Hy na Hom in die hemelse blydskap en heerlikheid neem. *"Na Hom"* toe, dit is die toppunt van saligheid. Dit is wat die hemel so 'n hemels heerlike plek maak: Ons Bruidegom is daar en daar sal ons vir altyd by Hom wees.

Ag, ons het dikwels so 'n verwronge toekomsverwagting! Ons sien net uit na die hemel, omdat ons dan weer by ons dierbares sal wees. Maar wat, vra ek vir u, wat as hulle nie daar is nie?

Natuurlik sal dit 'n heerlike weersiens wees en natuurlik sal dit wonderlik wees om weer met ons geliefdes verenig te wees. Maar tog is dit nie die belangrikste van die wederkoms nie. Wanneer Paulus dit in 1 Thess.4 het oor daardie dag, dan lig hy uit wat nou eintlik die vernaamste is, wanneer hy sê:"En so sal ons altyd by die Here wees (v.17)".

3. Slot.

Midde in 'n see van droefheid is dit ons troos: Ons Here Jesus kom weer om nooit weer van ons weg te gaan nie.

AMEN.